



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

LLM Opsie: Privaatreg (Gedoseer) (04250085)

Duur van studie 2 jaar

Totale krediete 200

Kontak Prof CJ Boezaart trynie.boezaart@up.ac.za +27 (0)124202354

Programinligting

Sluitingsdatum vir aansoek: (Slegs) SA aansoekers - 31 Oktober

Hierdie program is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

Behalwe as anders aangedui, word die leergang normaalweg as volg saamgestel:

- Drie modules wat elk 30 krediete tel (ten minste een van die modules moet gedurende die eerste jaar van registrasie voltooi word).
- 'n Module in Navorsingsmetodologie (RHP 801) wat 5 krediete tel (hierdie module moet gedurende die eerste jaar van registrasie voltooi word).
- 'n Navorsingsvoorstel (RHP 803) wat 5 krediete tel. Die student moet die navorsingsvoorstel (RHP 803) nie later nie as die einde van die eerste semester van die tweede jaar van registrasie vir die LLM-graad, en voor met die skryf van die miniverhandeling begin word, by die studieleier indien. Sodanige tydperk kan met die goedkeuring van die betrokke departementshoof verleng word.
- 'n Miniverhandeling word vereis. Die eksamenkopie van die miniverhandeling moet nie later nie as einde Oktober vir die Herfspromosieplegtigheid, einde April vir die Lentepromosieplegtigheid en einde Augustus vir die Desemberpromosieplegtigheid by Studenteadministrasie ingedien word. Na goedkeuring van die eksamenkopie van die miniverhandeling moet die finale weergawe op of voor 15 Februarie vir die Herfspromosieplegtigheid, 15 Julie vir die Lentepromosieplegtigheid en 15 November vir die Desemberpromosieplegtigheid by Studenteadministrasie ingedien word. Sodanige miniverhandeling moet handel oor die vakinhoud van een van die modules of 'n kombinasie van die modules waarvoor die student vir sy/haar LLM-graad geregistreer is. Enige versoek vir 'n verlenging van die tydperk vir indiening van die miniverhandeling mag net deur die Nagraadse Komitee op aanbeveling van die betrokke departementshoof toegestaan word.

Toelatingsvereistes

'n LLB, BProc of gelykwaardige kwalifikasie van 'n buitelandse universiteit wat toelating tot die regsprofessie verleen.

Addisionele vereistes

Die duur van die graadprogram is normaalweg vier semesters (2 jaar) met dien verstande dat die graad wel in twee semesters (1 jaar) voltooi kan word mits aan al die vereistes vir die voltooiing van die graad voldoen is, onderhewig daaraan dat die volle voorgeskrewe klasgelde vir die LLM-graad betaal is. Programme mag ook



spesifiek vir een jaar studie gestruktureer word. Die een- of tweejaarperiode mag slegs deur die Nagraadse Komitee verleng word op aanbeveling van die Departementshoof, en indien goeie rede aangetoon word en dit duidelik is dat die student binne 'n verdere jaar van studie die program sou kon voltooi.

Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

General admission requirements

In addition to an LLB, BProc or equivalent qualification from a foreign university that allows the applicant entrance to the formal legal profession, the following requirements are set for admission of a prospective student to the LLM Coursework programme:

A minimum average mark of 65% with respect to the prescribed final-year modules of the undergraduate programme is required for admission to an LLM coursework programme.

Where an average of below 65% is achieved, the student may be admitted on recommendation of the relevant head of department after consultation with the programme coordinator and consideration of other merits (eg relevant professional experience; the applicant's performance in undergraduate modules related to the particular LLM; the candidate's performance in independent research essays or similar components) and/or an admission examination.

Linguistic competence, primarily in English; foreign applicants who did not complete undergraduate studies through the medium of English must show proof of competence in English at a minimum average level of 6 out of 10 for IELTS or a minimum total score of 83 in TOEFL calculated as follows: reading 21, listening 17, speaking 23 and writing 22. In any other instance where there is doubt as to the English linguistic competence of an applicant, the Dean may require the same proof as prescribed for foreign applicants.

Foreign qualifications are subject to SAQA evaluation. (Some LLM coursework programmes or modules as indicated in the yearbook may only be available to students who hold a relevant South African legal qualification.)

Even though a student may comply with the above requirements, the Dean may, on the recommendation of the head of department presenting a specific degree or module, refuse to accept a prospective student for any LLM programme if such a student's performance in the chosen modules or field of study during undergraduate study was not satisfactory. Alternatively, the Dean could set additional requirements with a view to admission

An admission examination may also be required in respect of a particular programme or module.

Particular LLM programmes have additional selection criteria and deadlines specific to those programmes

Ander programspesifieke inligting

1. Een van 'n voorgeskrewe lys van modules mag vervang word met enige ander gedoseerde LLM-module soos aanbeveel deur die betrokke programkoördineerder en goedgekeur deur die departementshoof.
2. Slegs studente met 'n Suid-Afrikaanse LLB of BProc mag vir sekere modules registreer.
3. Die miniverhandeling moet 13 000-15 000 woorde beslaan – voetnote ingesluit maar die inhoudsopgawe en bibliografie uitgesluit.
4. Die volgende is moontlike keusemodules vir hierdie graad, maar nie al die modules word elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die fakulteit om uit te vind watter van die modules aangebied word.

Drie van die volgende moet gekies word:



DLA 801 Aspekte van egskeidingsreg (30 krediete)

ASC 801 Aspekte van erfreg (30 krediete)

AVT 802 Aspekte van trustreg (30 krediete)

PLC 801 Aspekte van privaatreg met betrekking tot kinders (30 krediete)

DLP 802 Onderwysreg en -beleid (30 krediete)

MPL 802 Huweliksgoederereg (30 krediete)

EAL 802 Erkende en alternatiewe lewensvenootskappe (30 krediete)

SRP 801 Sportreg (30 krediete)

GPC 801 Capita selecta uit die algemene beginsels van die kontraktereg (30 krediete)

SKC 802 Spesifieke kontraktereg (30 krediete)

Eksamens en slaagvereistes

Behalwe met goedkeuring van die Nagraadse Komitee word geen student toegelaat om sy/haar studies voort te sit in die geval waar geen modules tydens 'n spesifieke jaar van registrasie geslaag is nie.

Hoewel geen hereksamen met betrekking tot LLM-modules toegestaan word nie, geld die Algemene Regulasies (Regulasie G.12.3 en G.12.6) met betrekking tot spesiale en aanvullende eksamens.

Navorsing

Die betrokke departementshoof moet 'n studieleier en onderwerp vir 'n mini-verhandeling aanbeveel vir goedkeuring deur die Nagraadse Komitee. Die mini-verhandeling moet geassesseer en afgehandel word soos vervat in die LLM Beleidsdokument van die Fakulteit soos goedgekeur deur die Fakulteitsraad.

Waar 'n miniverhandeling vereis word, moet dit ingedien word in die formaat soos deur die studieleier bepaal en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur. Die studieleier mag insgelyks en onderhewig aan die goedkeuring van die Nagraadse Komitee die navorsingsonderwerp en die bestek van die beoogde navorsing bepaal.

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet 'n student 'n gemiddelde van minstens 75% in al die gedoseerde modules behaal, sowel as 75% vir die miniverhandeling. Die gemiddelde vir die modules moet tydens die eerste eksamenpoging behaal word.

Algemene inligting

Taalbeleid

Die onderrigtaal is Engels, maar waar omstandighede dit toelaat, kan 'n LLM-module in Afrikaans aangebied word. Die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, bepaal die taalbeleid.

Tydperk van inskrywing

Studente moet wanneer die betrokke module 'n aanvang neem, ingeskryf wees en die bepaalde module se lesings bywoon. Andersins moet die betrokke studieleier en departementshoof se toestemming verkry word, alvorens 'n student toegelaat sal word om 'n bepaalde module in 'n ander studiejaar te doen.

Beperking met betrekking tot aanbieding van modules in 'n spesifieke akademiese jaar en



besikbaarheid van modules vir buitelandse studente

Die Dekaan bepaal jaarliks watter modules die betrokke jaar aangebied sal word met inagneming van die beskikbaarheid van doserende personeel, ruimte- en finansiële implikasies en/of ander omstandighede. Voorts mag die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, die maksimum aantal inskrywings vir 'n bepaalde keusemodule bepaal aan die hand van die voorgeskrewe riglyne bepaal. Die Dekaan mag verder, in oorleg met die betrokke departementshoof, besluit dat 'n LLM-module nie aangebied sal word waar daar op die eerste dag van lesings vier of minder studente vir die module geregistreer is nie.

In die geval van buitelandse studente kan die Dekaan addisionele vereistes stel en die beskikbare modules vir hierdie studente mag ook beperk word.

Vervanging van modules

Die Dekaan mag, op aanbeveling van die betrokke departementshoof, 'n student toelaat om een voorgeskrewe LLM-module vir 'n bepaalde LLM-program deur 'n ander LLM-module te vervang waar sodanige uitsondering nie andersins toegelaat word nie en indien goeie rede vir sodanige uitsondering aangetoon word.

Erkenning van modules wat aan 'n ander instansie voltooi is

Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke departementshoof 'n student met 'n maksimum van twee modules wat aan 'n ander instelling voltooi is, krediteer mits dit aan die vereistes van hierdie Fakulteit voldoen. Waar sodanige modules nie dieselfde benaming het as modules wat deur hierdie Fakulteit aangebied word nie, kan krediet in die plek daarvan verleen word aan modules met wesenlik dieselfde inhoud soos deur die betrokke departementshoof bepaal, of, in die afwesigheid van sodanige nou-verwante modules, kan krediet verleen word aan modules wat steeds relevant is binne die breë spektrum van 'n spesifieke LLM-grad en onder spesiale kodes vir die doeleindes van sodanige grad. Bykomende vereistes mag gestel word alvorens enige sodanige module erken word ten einde voldoening aan die vereistes van hierdie Fakulteit te verseker.

Erkenning van nie-regskomponente

Ten einde te kwalifiseer vir 'n LLM-grad met nie-regskomponente kan hoogstens een van die modules wat uit verbandhoudende nie-regskomponente bestaan, erken word met spesiale toestemming van die Fakulteitsraad. Neem kennis dat geen erkenning verleen sal word aan modules wat deel vorm van 'n grad waarvoor die student reeds aan die graadvereistes voldoen het, of waar die student gelyktydig vir meerdere grade geregistreer is nie.

Herregistrasie vir modules

'n Student mag nie meer as twee keer vir dieselfde module registreer nie. 'n Finale punt van 50% moet behaal word ten einde 'n module te slaag.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.